

# BEOORDELAARS & KURSUSSE

---

## 1 BEOORDELAARS

Die volgende individue word tydens die termyn 2012/2013 bevorder na senior beoordelaars;

- ∂ Mnr. Udo Beneke
- ∂ Mnr. Frikkie Combrink


## 2 BEOORDELAARS KURSUS (9 – 11 APRIL 2013)

- Tydens die periode van 9 – 11 April 2013 was 'n formele beoordelaars kursus aangebied te Ermelo, Barnyard.
- Daar was 31 kursusgangers en 6 beamptes teenwoordig.
- Daar was 15 kursusgangers wat die eksamen afgelê het waarvan slegs 3 die minimum slaagsyfer behaal het.

### 2.1 Resultate

Die oorhoofse gemiddeld sluit die volgende afdelings se prestasies in; Tuig, Skou etiket, Tradisionele 3 & 5-Gang, Universele 3-Gang, Rasstandaarde & Bouvorm asook die Praktiese evaluering.


**Figure 1: Oorhoofse Gemiddeld**



### 2.1.1 Bevinding

Soos in Figuur 1 gesien kan word is die oorhoofse gemiddeld matig, ongeveer 58%. Die mikpunt is egter 60% of hoër en dus is dit baie belangrik dat ons genoegsame aandag skenk aan die probleem areas. Die rede hiervoor is suiwer om meer individue te bemagtig om as beoordelaars op te tree, maar terselfdertyd nie die slaagvereistes te verlaag nie. Indien die genootskap meer beoordelaars het sal die kompetisie regverdiger kan geskied omrede die mag verdeel word.

Figure 2: Onderskeie Gemiddelde



### 2.1.2 Bevinding

Met behulp van Figuur 2 kan die volgende afleidings gemaak word;

- ∂ Skou Etiket behaal die hoogste punte omrede dit suiwer teorie is en geen toepassing nie. Kursusgangers kan dus die inhoud baie goed leer en gevolglik volledig weergee tydens die eksamen.
- ∂ Tuig, Tradisionele 3 & 5- Gang asook die Universele 3- Gang en Bouvorm verg dringend aandag.
- ∂ Dit verwar kursusgangers omrede hulle nie noodwendig weet wat met 'n spesifieke terme bedoel word nie, daarom is dit van kardinale belang om 'n voorbeeld te verskaf sodat hierdie individue visuele prentjie daarvan kan kry.

- ∂ Volgens statistiek soos geïllustreer in Figuur 2 kan daar duidelik gesien word waar die probleem areas lê.
- ∂ Hierdie afdelings is op teorie gebaseer, maar indien die kursusganger dit nie kan toepas nie sal dit nooit ons rasstandaarde verbeter nie.
- ∂ Dus moet alternatiewe metodes ondersteun word sodat die potensiële beoordelaars werklik 'n aanwinst vir die genootskap sal wees.

### **3 VISUELE HANDLEIDING**

- Tydens die Algemene Jaarvergadering van 2012 het Mnr. Diederick Cloete opdrag gekry om die skool handleiding (wat tans gebruik word tydens beoordelaarskursusse) aan te pas en visuele voorbeelde te verskaf wat spesifiek elke aspek uitbeeld en verduidelik.
- Die Tradisionele 3-Gang. 5-Gang asook Enkeltuig visuele handleidings is tans beskikbaar by Mnr. Diederick Cloete.